## POST-BAG

## POSSAK
## ISINGXOBO SEPOSI

### The 100% stocktake – mission impossible?

Dear colleagues

We have done it! You have done it!

Let's celebrate! Thursday is Stripes Day!

29 February 2012 was the final day of the scanning phase of the 100% stocktake – a remarkable achievement!

On 11 July last year, when the Library Service was given the task of doing a 100% stocktake before the end of the financial year, our immediate reaction was shock and horror: This is madness! It is impossible!

Two hours later we were already busy planning mission impossible…

Today, after months and months and months of scanning more than 6 million barcodes in more than 350 libraries all over the Western Cape, the last three libraries are stocktaked. Dead on schedule!

DCAS did it! Library Service did it! SAB&T did it! Libraries did it! You did it!

To celebrate and to say thank you to yourself and to each and everyone who participated in, were involved in, or were affected by the 100% stocktake (and to say thank goodness, it's done!): Thursday 1 March 2012 is declared Stripes Day.

*Pieter Hugo*
*Assistant Director: Metropole Control Area*

*Congratulations are certainly in order to all who worked so hard to make this happen! All staff was encouraged to wear striped clothes to work on the Thursday. ED*

## MENSE

## PEOPLE
## ABANTU

### Ons groet 'n kollega na 13 jaar!

Helena de Beer, beter bekend aan ons as Ena, is die oudste van drie dogters – al drie bibliotekarisse! Sy het aan die Universiteit van Pretoria gestudeer en daarna 'n



nagraadse kwalifikasie in Biblioteekkunde aan UNISA verwerf. Sy het egter nie dadelik die kwalifikasies gebruik nie, aangesien sy as nywerheidsinspekteur by die Departement van Arbeid gewerk het. In hierdie tyd het sy ook vertaalwerk gedoen vir die Diamant-Nywerheidsraad.

Nadat sy getroud is was sy vir 17 jaar 'n huisvrou (deesdae 'n tuisteskepper). Uit die huwelik is twee seuns en 'n dogter gebore. Haar jongste kind was agt jaar oud voordat sy as bibliotekaris begin werk het. Sy het vir ses jaar by Tzaneen Biblioteek gewerk voordat hulle na Swellendam verhuis het waar sy vir twee jaar as aflos by Swellendam Biblioteek gewerk het voordat sy in 'n permanente pos aangestel is. Nou, na 13 jaar by Swellendam Biblioteek moet sy ongelukkig op pensioen gaan.

Ena het binne 'n kort tydjie twee geliefdes verloor, naamlik Johan (haar man) in November 2004 en haar oudste seun Louis in April 2006. Ons hoop al die hartseer is nou verby en dat sy haar aftrede op Pearly Beach gaan geniet met die twee honde. Sy sal gereeld pendel tussen Pearly Beach en Pretoria, waar haar ma, seun, dogter en kleinkinders bly. Ena het reeds drie kleinkinders en word binnekort nog een ryker. Die naaste biblioteek aan haar strandhuis is Gansbaai Biblioteek wat 22km ver is. Gelukkig vir haar is daar nog 'n afgetrede biblioteekpersoneellid van Sentrale Naslaan in Hoofkantoor (Adri Bester) wat naby haar bly en die twee gaan gereeld kuier.

Dit is met gemengde gevoelens wat ons afskeid neem van Ena. Ons gun haar die rus, maar sy sal baie gemis word vir haar kennis, sagte geaardheid, hulpvaardigheid, vriendelikheid en ondersteuning. Sy was altyd 'n bok vir sports en sal onthou word vir haar goeie idees, raad en lojaliteit.

*Deidré Carelse*
*Swellendam Biblioteek*

## LIBRARIES

## BIBLIOTEKE
## AMATHALA EENCWADI

### Talented author at Wynberg Library

On 1 February this year the talented Beverly Rycroft gave a talk at Wynberg Library. Rycroft, a Cape Town poet, recently achieved second place in the 2011 Sol Plaatje EU poetry competition. Her debut collection, **Missing**, is the delightful story of a woman as daughter, wife, mother, friend and cancer survivor. Thirteen years after her diagnosis and treatment Beverly charts the experience of facing mortality, illness and recovery. Passionate, moving and often typically humorous, the poems are interwoven with anecdotes of people who helped her along the way.

Following are two reviews on her publication: 'This astonishingly moving debut collection reads compellingly as one complete story. Missing covers the archetypal journey from sickness and near-death to transformation and hope. Rycroft wears her exquisite poetic technique lightly – through rich and deftly crafted images, the poems are profoundly inviting, readable and memorable. I could not put it down.' (Finuala Dowling.) '… a life-affirming, profoundly moving series of poems about relationships. I challenge anyone to declare they were not moved by these vivid, sometimes funny, always viscerally true poems …' (Karin Schimke).

**Room Thirteen**

*i married a gambling man.*
*lucky for some*
*he says as i*
*thread my body through*
*the green gown*
*in room thirteen.*
*No jewellery the nurses ordered so*
*i hand him*
*my wedding ring. eleven years married*
*i'm wheeled away to*

*wake up again in room thirteen*
*broad bandage across my chest.*
*He's still there. Slides the ring back*
*on. tells me*
*it's not the hand you get dealt*
*it's the way you play it.*

(**Missing** is published by Modjaji Books, 2010.)

## Montagu Biblioteek

Hierdie baie jong lesertjie in Montagu Biblioteek wys net dat mens nooit te jonk is om te begin nie, nê?



## Leesmarathon van ander kleur

'n Readathon met 'n unieke aanslag is onder leiding van Bettie Mostert in Montagu Biblioteek aangebied. Ons deel graag haar oulike benadering met lesers.

Aan die begin van die skoolvakansie is Kersfeestablo's op die aansteekborde gesit en kinders van Gr 1 tot 6 is genooi om te help om die lug te vul met sterre. Elke kind wat deelgeneem het, het vyf boeke gekry en wanneer hulle dit deurgelees het, het hulle 'n ster met hul naam ontvang wat hulle dan op die bord gaan vassteek het. 15 kinders wat altesaam 220 boeke gelees het, het deelgeneem. Die dogtertjie (Nienke Strauss) wat die meeste boeke gelees het, was in graad 1 en het 75 boekies op haar vlak gelees. Aan die einde van die readathon is daar vir elke leser 'n groot ster op die bord geplak met die aantal boeke wat hy/sy gelees het.

Hierdie was nie 'n kompetisie onder mekaar nie maar eintlik met hulself.

*Ronel Mouton*
*Assistentdirekteur: Outeniqua Beheergebied*

*Wat 'n oulike projek – iets vir ander om te oorweeg?*
*RED*







## Swellendam Forum

Tydens 'n forumvergadering in Welverdiend Biblioteek in Swellendam het 'n groep tieners by wyse van 'n dramavertoning aan die bibliotekarisse en biblioteekpersoneel 'kommentaar' op hul manier van doen gelewer: die tieners het versoek dat personeel langer oop ure toelaat vir die leerders om naslaanwerk vir projekte te doen; hulle het konflik met die kwaai en soms onredelike biblioteekpersoneel uitgebeeld; te streng biblioteekpersoneel kan tot gevolg hê dat meer boeke gesteel word; en hulle het versoek dat daar meer kopieë van die populêre en nuttige boeke moet wees.

Die tieners was nie voorgesê wat om te doen nie en onderwerpe vir die aanbieding het spontaan van die tieners gekom.

▸ *'n Foto-uitbeelding deur leerders wat baklei oor 'n boek*



## Sooispit-seremonie vir nuwe biblioteek

Gedurende 2004/2005 is die behoefte geïdentifiseer vir 'n nuwe en vergrote biblioteek deur Saldanhabaai Munisipaliteit en die Weskaapse Provinsiale Biblioteekdiens vir die groter Vredenburg gemeenskap.





Gaste tydens die sooispitseremonie vir die nuwe Vredenburg Biblioteek

Die munisipaliteit het erf 10070 in Akademiestraat beskikbaar gestel vir die oprigting van 'n biblioteek. (regoor die Weskus FET Kollege). Na vele onderhandelinge is genoegsame befondsing in 2010 gegenereer en kon die proses begin. Die beraamde totale projekkoste beloop R9,378,662 (meubels en toerusting ingesluit). Provinsie verskaf grotendeels die finansies en die munisipaliteit bied ondersteuning in terme van die beskikbaarstelling van die grond, daaglikse bedryf van die diens, personeel en dienste, en maak ook 'n finansiële bydrae tot die projek.

## Proses tot op hede

'n Tenderproses is gevolg en Marius Koen van Marius Koen Quantity Surveyors is aangestel as die hoofagent. Die planne is opgestel deur Brian Verwey van die Departement Menslike Nedersettings in die Wes-Kaapse regering en is deur die munisipa-liteit goedgekeur. Die amptelike tenderpro-ses is gevolg en die projek is toegeken aan Build-a-way Konstruksie. Mnr L Khuselo van die Saldanhabaai Munisipaliteit tree op as die projekbestuurder. Die meubel- en toerustingbeplanning word tans opgestel en sal ook deur 'n volledige tenderproses gaan. Die verwagte voltooiingsdatum is November 2012.

Die vloeroppervlak van die biblioteek is 945m$^2$. Die biblioteek se voorraad sal ongeveer 15,000 boeke, CD's, DVD's, koerante en tydskrifte wees. Daar sal ook rekenaars met Internet-toegang beskikbaar wees vir gebruik deur die publiek. Voorsiening word gemaak vir genoeg parkering, 'n aktiwiteitsaal en kombuisgeriewe.

*Antjie Vermeulen*
*Hoof: Biblioteekdienste, Saldanhabaai Munisipaliteit*

## SKRYWERS EN BOEKE

## BOOKS AND AUTHORS
## IINCWADI NABABHALI

### Vriende sê Kannemeyer laat reg geskied aan 'pluk die dag'

Sedert sy onlangse afsterwe is professor JC Kannemeyer wyd geloof vir sy 'ongeëwenaarde produktiwiteit as literêre kritikus' en vir die meer as 45 boeke wat uit sy pen die lig gesien het.

Maar diegene wat Kannemeyer persoonlik geken het, het ook gesels oor die mens agter sy akademiese reputasie, iemand wat bekend was as 'n 'lewensgenieter' en as 'n mens wat opofferings gemaak het vir die taal en letterkunde waaroor hy so geesdriftig was.

Kannemeyer, bekend om sy omvattend nagevorste literêre biografieë, het op Kersdag in die ouderdom van 72 skielik gesterf – kort nadat hy sy mees onlangse werk oor die skrywer JM Coetzee voltooi het en kort nadat sy boek **Briewe van WEG Louw en NP van Wyk Louw 1941-1970** (Hemel & See Boeke, 2011) die lig gesien het.

Die letterkundige professor Wium van Zyl, 'n boesemvriend van Kannemeyer, het hom vir sy navorsing geloof. 'Hoewel bewus van menslike feilbaarheid, was die grootste moontlike feitelike akkuraatheid en 'n helder, toeganklike skryfstyl vir hom ononderhandelbaar.'

Van Zyl het Kannemeyer vir meer as sy skryfwerk geken. Die twee het die afgelope 15 jaar saam letterkundige toere bemark en aangebied. 'Honderde toergangers is betrek en aan die lees gesit: ingenieurs, medici, tuisteskeppers en kantoormense. Hy was allermins 'n ivoortoring-akademikus. Vir die toere was hy bereid om tot nege dae aaneen klas te gee. Hy kon sy aanbieding afwissel van 'n intensiewe gedig-ontleding tot die mees komiese anekdote oor 'n skrywer en soms speelse, maar snydende kritiek op veral skrywers en kritici met opgeblase ego's.'

Op die toere het Van Zyl 'n sy van Kannemeyer gesien waarvan selfs die toergangers nie altyd bewus was nie. 'Nooit het die toergangers besef dat hy meestal met slopende rugpyn die mikrofoon hanteer en homself daagliks met insulien moes inspuit nie. Hoewel hy die kulinêre hoogtepunte op sulke toere met smaak kon aankondig en gesteld was op die gemak van sy passasiers, het hy sy eie liggaamlike ongemak geïgnoreer. Dit geld ook wanneer hy besig was om 'n manuskrip te voltooi.'

Die digter en letterkundige Lina Spies was sedert hul studentejare met Kannemeyer bevriend. 'Behalwe vir ons gesamentlike passie vir Afrikaans en die letterkunde het ek sy liefde vir die Suid-Afrikaanse landskap en natuur heelhartig gedeel. Daarbenewens was daar ons albei se liefde vir Nederland en in besonder Amsterdam en die Nederlandse taal en kultuur. Hy was 'n lewensgenieter wat volkome reg laat geskied het aan die opdrag 'pluk die dag'. Dis veral dié eienskap van John waaraan ek met vreugde terugdink.'

In 'n huldeblyk wat in 2010 in Rapport verskyn het toe Kannemeyer 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Stellenbosch ontvang het, het die letterkundige professor Etienne Britz hom geprys vir sy 'magtige akademies-kreatiewe ontginning van sy olifantgeheue, sy formidabele selfdissipline en werkkrag, asook sy gedrewe belangstelling in die Afrikaanse letterkunde'.

*(www.rapport.co.za)*

### Berenstain Bears co-author dies

The co-author of the beloved *Berenstain Bears* children's books has died at the age of 88. Janice Berenstain and her husband, Stan, wrote and illustrated the *Berenstain Bears* books that have charmed pre-schoolers and their parents for 50 years.

*(www.booktrade.info)*

## LITERARY AWARDS

## LITERÊRE TOEKENNINGS AMABHASO WONCWADI

### Bookchat Awards for 2011

When *Bookchat* was a printed magazine, there used to be a *Books of the Year* commendation. This custom was revived to cover 2010. Jay Heale, editor of *Bookchat*, shares his selected short-list from the English books submitted to the *Bookchat* web site during the past year. Those concerned have received certificates.

*Fiction*

**A wish this big** by Ingrid Mennen, illustrated by Katrin Coetzer (Tafelberg, 2011.)
**Finding Aunt Joan** by Jenny Hatton, illustrated by Joan Rankin (Jacana, 2011.)
**Moving house** by Jenny Hatton, illustrated by Joan Rankin (Jacana, 2011.)
**Solomon's story** by Judy Froman (Macmillan, 2011.)
**Stepping solo** by Jayne Bauling (Maskew Miller Longman, 2011.)
**The magic fish** retold by Margie Orford, illustrated by Lizza Littlewort (Jacana, 2011.)

*Non-fiction*

**Fact finder** by Helen Lewis, illustrated by Nikki Miles (Metz P., 2011.)
**Helen Suzman** by Gillian Godsell (Maskew Miller Longman, 2011: They fought for freedom series.)
**My first book of Southern African ocean life** by Roberta Griffiths, illustrated by Judy Maré (Struik, 2011.)
A commendable year's list, though hard to pick the top spot. Nothing in the younger categories was fully satisfying in all aspects – writing, illustration and design. There were some reassuring non-fiction publications, and my choice of winner is on the edge of this category, fiction based on fact. It wins by sheer impact. The *Bookchat* Book of the Year 2011 is **Solomon's story** by Judy Froman (Macmillan, 2011.)

*Special awards*

Recognition is offered to three people (in alphabetical order) who have, in their different ways, given outstanding support to children's literature.

Gorry Bowes Taylor: for allocating regular time/space on her *Book Choice* programme on *Fine Music Radio* for many years.

Lona Gericke: for services particularly to Afrikaans children's literature; many years on the committee of the SACBF and IBBY SA; and a past reviewer for *Bookchat* magazine.

Jean Williams: for leading Biblionef for over ten years to the publishing and re-issuing of key South African titles in all eleven official languages of our country.

*<jayheale@telkomsa.net>*
*www.bookchat.co.za*

### De Vries en Kamfer vereer

Die skrywers Abraham H de Vries en die digter Ronelda Kamfer ontvang albei vanjaar 'n Afrikaans Onbeperk Toekenning op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK).

Die toekennings word sedert die begin van die fees gegee aan 'mense wat die leefwêreld van Afrikaans verruim en verryk'. De Vries ontvang dit vir sy lewensbydrae en Kamfer ontvang die nuwe Afrikaans Onbeperk Toekenning vir 'n Jong Stem. 'n Derde toekenning vir vertolking sal nog aangekondig word.

Die toekennings vereer 'die skeppendheid van Afrikaans in al haar vorme asook die vreeslose verkenning van onontgonne onderwerpe en temas. Die werk moet 'n tuiste in eie taal skep vir almal wat in Afrikaans droom en doen', het Theo Kemp, die programbestuurder van die KKNK, gesê.

Kamfer het in 2008 gedebuteer met die bundel **Noudat slapende honde**, en haar tweede bundel, **Grond/Santekraam**, het verlede jaar verskyn.

Kamfer is eenparig as wenner aangewys deur 'n paneel bestaande uit Steward van Wyk, Elmari Rautenbach, Anastasia de Vries en Frederik de Jager.

De Vries, wat op 9 Februarie sy 75ste verjaarsdag gevier het, se skatkis van verhale en staaltjies oor die Klein-Karoo kry beslag in die produksie **Smelt** wat vanjaar op die KKNK opgevoer word. Die teks is deur Saartjie Botha geskryf.

*Die Burger*

## ALLERLEI

## MISCELLANY IINCWADI EZAHLUKENEYO

### Librarians please note!

As a service to your users and to enable any member of the public to see what books the library service has in stock, advertise the following website on your notice boards: http://wc.slims.gov.za/desktop/desktop.phtml

## ON WRITING

## SKRYFGEDAGTES EZABABHALI

The Italian philosopher Umberto Eco fascinates: his versatility is exceptional, and the content of his book **On literature** (Vintage, 2002) is no exception. Especially the chapter 'How I write' immediately caught my eye. In this chapter Eco relates (he always tries to make a story, he says – a compulsion to narrate) the inner workings of his writer's mind. Eco wrote no novels before the age of 46 (debut: **The name of the rose**, 1980). He wrote many essays, articles, et cetera, but no novels. But he was hooked, because he ends his story by confessing that he would write a novel even if he knew a comet would strike earth the following day – he says there might be a chance that some alien civilisation would find his work and read it! He adds that anyone who claims to write only for him/herself is a liar: 'One writes only for the reader.' To him only shopping lists are for yourself, nothing else. Perhaps an exaggeration, because diaries are not all meant to be found by later generations, but I agree that I suspect people who write (poetry for instance) only for themselves are just afraid of criticism.

Eco writes about his first novel and the challenge of achieving the same kind of success with the second, and he also says that he feels sad and annoyed when a novel ends; that he immediately wants to start with another. I have often wondered why someone like Wilbur Smith writes one novel after the other – doesn't it get boring and isn't he rich enough (he owns his own island for heaven's

sake!), but after writing a few short stories myself, I started to get the idea: success is addictive, and seeing your name in print is a huge boost, but the heart of the matter is the quest. To lose oneself in another world, like Alice . . .

Eco explains in detail how he meticulously creates new worlds – he draws plans of buildings, sketches his characters (apparently he can draw as well!), visits the towns he writes about, et cetera - everything is mapped out, literally. A great amount of research goes into his work, even if not all of it is actually used in the end product. Louis L'Amour did that too, and Goscinny and Uderzo (Asterix) and Hergé (Tintin) and many others – definitely a tip for aspiring writers to consider. Eco says knowing all this detail brings confidence and new ideas, seeing what the possibilities are for the characters to do and experience.

Eco joked that when journalists ask him how he writes a novel he would say 'from left to right', but actually he believes that poetry is mostly about expression (the sound of words are most important), while in the case of novels, content is more important. Eco maintains that the world of the novel is what it is all about. This means that he does not go for character-driven plots. The physical world is Eco's focus. The characters inhabit this world and play parts like on a stage.

A central theme remains crucial. Without a 'novel' idea, the novel is meaningless: the writer has to say something meaningful. This is where participation of the reader comes in: Eco's point about writing for the reader – the writer must have a message to convey. The reader is looking for that message. And it may float around like a message in a bottle for some time or it may arrive in a flash like a note fastened to an arrow, depending on the style of the writer or the tempo of the story.

Eco has no constant recipe; every book is different – eventually every writer develops a certain habit and voice. Some write only in the morning, some write every day ('nulla dies sine linea', Eco quotes: no day without at least a line), some write only with a pencil, et cetera. Eco uses a variety of tools, depending at which stage of the project he might be. He gathers information, makes notes, types the chapters on his computer, prints it out and does corrections on paper, lets it 'mature' and rounds off the process whenever possible.

In conclusion, two quotes from Eco: 'The beauty of writing a novel is not the beauty of a live match, it is the beauty of the delayed transmission.' (He prefers to write a novel over a number of years.) And: 'Sadness begins when the novel is over.'

***Dr Francois Verster***
*Correspondent*

## *Kaapse Bibliotekaris* 40 Jaar Gelede ...

***Stefan Wehmeyer*** *Adjunkdirekteur: Streke*

*1972 was 'n geskiedkundige jaar: Richard Nixon kondig die bou van die 'Space Shuttle' aan; die laaste mens, Eugene Cernan, loop op die maan; 'n Palestynse terreurgroep hou Israeliese gyselaars aan en vermoor hulle tydens die München Olimpiese Spele; Bobby Fischer wen die wêreld-skaaktitel teen Boris Spasky in Reykjavik, Ysland; die eerste suksesvolle kommersiële videospeletjie met die naam Pong word vrygestel en die belangrikste uitvindsel was die eerste E-pos-program deur ene Ray Tomlinson.*

- Alice Kane (a librarian from Toronto Public Library) wrote: 'Story-telling is an old art, outdated now and troublesome. Many librarians feel that filmstrips and films are more up to date and have the impact of modernity. But the story is an experience that involves the audience in a way that no filmstrip can.'
- In 'n artikel *Uitstallings met trefkrag* word een van die bydraers, EH Jooste aangehaal: 'Terwyl die Kaap na Rio-wedvaart aan die gang was het ons, byvoorbeeld, 'n groot kaart van die Shell-Maatskappy gekry en dit tesame met boeke uitgestal.' In dieselfde artikel is B Jordaan baie krities oor die provinsiale biblioteekdiensplakkate: 'We think the provincial posters are bad, they are too severe and lack colour. In fact they are much too sophisticated for a country library.'
- In 'n tegniese artikel oor die 16mm-film beskryf JH de Lange dat die medium bestaan uit 'n raampie, rolgat/perforasie en 'n klankbaan. 'n Klankfilm word vertoon teen 'n spoed van 24 raampies per sekonde, gevolglik sal 'n 400 voet (121 meter) film ongeveer 10 minute duur.
- In an article, *African music on record*, the following is said: 'One of the most important areas in Africa regarding folk-song is the Trans- and Ciskei. The most famous of the Ciskei songs is **Ntshikana's bell**. Ntshikana had no bell to call his people to church and stood on a hill to sing his 'bell' song.
- Vanrhynsdorpstreek is die oudste streek in die geskiedenis van die Provinsiale Biblioteekdiens. In daai jare het die streek nog Namakwaland bedien en was die noordgrens van die streek Namibië. 'Hierdie gebied is yl bevolk en gasvryheid is nog aan die orde van die dag.' Nege personeellede was by die streek werksaam.
- *'Mê- e' sê ou Bella, en sy kom nader teen die skuinste uit en weg van die laat rooi son oor die see. Toe stap sy agter Abdoltjie aan oor die nek en tot in die blou skaduwee wat anderkant die klein bruin huisie met die groot bruin deur geskuif het.'* Alba Bouwer oor die skryf van Abdoltjie: 'Ek het 'n Kaapse Maleiergesin leer ken. Hulle het aan die bo-punt van Strandstraat gewoon. Die huis bestaan nie meer vandag nie. En daar was twee bokke wat saans so van Seinheuwel se kant aangekom het.'




*Lists! To many an anathema but to us a unique way of giving our readers insight into the literary taste of others – the latest series of which we think you may enjoy.*
*Enjoy!*

## Kalahari.com

*www.kalahari.com*

*Fiction / Fiksie*

1. Patterson, James and Sullivan, Mark. **Private games**.- Century, 2012.
2. Hoag, Tami. **Down the darkest road**.- Orion Bks., 2011.
3. Rose, Karen. **No one left to tell**.- Headline, 2012.
4. Clancy, Tom and Greaney, Mark. **Locked on**.- Michael Joseph, 2011.
5. Pearse, Lesley. **The promise**.- Michael Joseph, 2012.

*Non-fiction / Nie-fiksie*

1. Taubes, Gary. **Why we get fat: and what to do about it**.- Anchor, 2011.
2. Evenepoel, Dr Luc. **Dr Luc's promise**.- Penguin, 2012.
3. Holford, Patrick and Burn, Jeremy. **The 10 secrets of healthy ageing**.- Piatkus, 2012.
4. Tarboton, Warwick Rowe. **Roberts nests & eggs of Southern African birds : a comprehensive guide to the nesting habits of over 720 bird species in southern Africa**.- Trustees of the John Voelcker Bird Book Fund, 2011.
5. Roberts, Margaret. **Healing foods**.- Briza, 2011.

## The Book Lounge

*www.booklounge.co.za*

The Book Lounge is an independent bookshop in the east precinct of Cape Town that opened its doors in December 2007. We specialise in customer service, making sure readers and great books get together. City book clubs and suburban libraries buy from us, and we even have a knitting group that meets here once a month. We do lots of book launches and talks around books and we started our own book festival last year September, called Open Book, bringing international and local authors to readers in Cape Town.

*Fiction / Fiksie*

1. Beukes, Lauren. **Zoo City**.- Jacana, 2010.
2. Harding, Paul. **Tinkers**.- Heinemann, 2010.
3. Omotoso, Yewande. **Bom boy**.- Modjaji Bks., 2011.
4. Westby-Nunn, Terry. **The sea of wise insects**.- Jacana, 2011.
5. Heyns, Michiel. **Lost ground: a novel**.- Ball, 2011.

*Non-fiction / Nie-fiksie*

1. Isaacson, Walter. **Steve Jobs: the exclusive biography**.- Little Brown, 2011.
2. De Waal, Edmund. **The hare with amber eyes: a hidden inheritance**.- Vintage, 2011.
3. Forde, Fiona. **An inconvenient youth: Julius Malema and the 'new' ANC**.- Picador Africa, 2011.
4. Wilson, Francis. **Dinosaurs, diamonds and democracy: a short, short history of South Africa**.- Umuzi, 2009.
5. Bussmann, Jane. **The worst date ever: war crimes, Hollwood heart-throbs and other abominations**.- Macmillan, 2009.

We took these two titles out of the top 10 as they were neither fiction nor non-fiction, yet they sold really well either way!

1. De Kok, Ingrid. **Other signs**.- Kwela, 2011.
2. Zapiro. **The last sushi : cartoons from Mail & Guardian, Sunday Times and The Times**.- Jacana, 2011.

Please see more about our store at

## Protea Boekwinkel (Stellenbosch)

*www.proteaboekhuis.com*

*Fiksie / Fiction*

1. Meyer, Deon. **7 dae**.- Human, 2011.
2. Snyman, Dana. **Hiervandaan: op reis in die geliefde land**.- Tafelberg, 2011.
3. Breytenbach, Kerneels. **Piekniek by Hangklip**.- Human, 2011.
4. Loots, Sonja. **Sirkusboere**.- Tafelberg, 2011.
5. Aucamp, Hennie. **Woerts in die hoekie: kinderverse**.- Protea Boekhuis, 2011.

*Non-fiction / Nie-fiksie*

1. Mödler, Heinz. **Sexy medisyne**.- Lapa, 2011.
2. Changuion, Louis en Steenkamp, Bertus. **Omstrede land: die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse grondvraagstuk, 1652-2011**.- Protea Boekhuis, 2011.
3. Van der Merwe, Bernice. **Een-twee-drie op die tafel**.- Human & Rousseau, 2012.
4. De Villiers, Dawid Willem en Slabbert, Mathilda. **David Kramer :'n biografie**.- Tafelberg, 2011.
5. Schoeman, Karel. **Burgers & amptenare : die vroeë ontwikkeling van die kolonie aan die Kaap, 1662-1679**.- Protea Boekhuis, 2011.

CL